# LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET
# HUIS EYBERS

☎ 049 – 8910 803
☎ 049 – 8910 806 (Koshuis)

✉253
Graaff-Reinet
6280

***E-Pos:*** *hoof@laervolkskool.org*
***Skoolhoof :*** *Mnr D Joubert*

GESTIG 1922


## <u>NASORG 2025</u>

Geagte Ouers

Die nasorg vind nie meer by die koshuis plaas nie maar wel by die Kewertjie. Leerlinge kan by die sporthek (dam) afgehaal word. Geen leerling sal geakkommodeer word voordat die maand/kwartaal se fooi betaal is nie. Die nasorg begin amptelik 20 Januarie 2025. Nasorgleerlinge sal wel Woensdag (15 Januarie) en Donderdag (16 Januarie) gratis geakkommodeer word.

Nasorg is van Maandae tot Donderdae, vanaf na skool tot en met 17:30. Die toesighouer is Me H. Verwey sel nr. 0713345914. Leerlinge moet direk na skool by die nasorg aanmeld. U moet seker maak dat u kind die belangrikheid hiervan verstaan. Dit is ons enigste manier van kontrole. Indien u kind siek is of nie kan kom nie, of dalk 'n partytjie of iets dergeliks moet bywoon, moet u betrokke toesighouers asseblief in kennis stel. Indien u kind sport het moet hy nogtans eers by die nasorg aanmeld en aantrek vir die betrokke sport. Leerlinge **<u>moet</u>** na ete verklee in gewone klere indien hul nie sport het nie, aangesien hul skoolklere verniel en ook vuil word. U moet dus toesien dat hul die nodige klere saambring. Ons versoek dat u ons asseblief van 'n volledige sportprogram van u kind sal voorsien, waarvolgens hy/sy toegelaat sal word om die sport by te woon. Indien die sporttye verander, berus dit by u om ons daarvan in kennis te stel. Indien u kind die dag afwesig is moet u ook laat weet dat u kind nie by die nasorg sal wees nie

Daar sal vanaf 14:00 tot 16:00 'n matrone wees wat toesig sal hou en help met studie. Graad 1 tot 3 leerlinge en die ander grade sal die studie bywoon soos wat hul sportprogram dit toelaat gedurende daardie tye. Ons neem egter geen verantwoordelikheid vir 'n leerling se prestasie nie. Die toesighoudende personeel is slegs daar om toe te sien dat u kind se tuiswerk gedoen word en om hulp te verleen waar moontlik en nodig. Take en projekte moet tuis gedoen word of gedurende nasorg tyd, maar dit is nie die toesighouer se verantwoordelikheid nie. Leerlinge wat by skool/koshuis speelpark speel doen dit op eie risiko en die nasorg / koshuis aanvaar geen verantwoordelikheid vir dit nie. Nasorg sal gesluit wees op openbare vakansie dae, en sal nie beskikbaar wees op dae voor vakansie dae nie.

Indien u, u kind vroëer kom haal, vir watter rede ookal, en u kind se tuiswerk is nie voltooi nie, bly u verantwoordelik om toe te sien dat dit voltooi word. U kan ongelukkig nie versoeke rig dat u kind se werk vroëer moet klaar wees as gevolg van die feit dat u, u kind vroëer kom haal nie.

Middagete is direk na skool. Indien 'n leerling enige medikasie na middagete moet ontvang, is dit die ouer se plig om die toesighouers daarvolgens in te lig en die nodige medikasie te voorsien.

Ouers wat nasorgleerlinge kom haal moet gebruik maak van die hek in Stockenstoomstraat by die sporthek. **Leerlinge <u>MOET</u> streng voor 17:30 afgehaal word. 'n Boete van R100 word gehef indien u laat sou wees.** U moet asseblief die toesighouers laat weet indien iemand anders as u (pa/ma) die kind kom haal, anders sal hul nie die leerling laat gaan nie.

Geen onaanvaarbare gedrag sal toegelaat word nie. Nasorgpersoneel sal ooreenkomstig straf uitdeel vir ligte oortredings. 'n Gedragskaart (soos by die skool) sal huis toe gestuur word, sou u kind hom/haar wangedra. Ouers sal ingeroep word indien daar 'n ernstige probleem is en nasorgbywoning sal sumier opgehef word..

**Ouers mag onder geen omstandighede 'n kind van 'n ander ouer aanspreek, indien hy/sy 'n probleem met sodanige kind het nie. Die ouer moet dit met die toesighouer opneem, wat dit sal hanteer of na die superintendent sal verwys. Indien daar probleme of klagtes is word die versoek gerig dat dit met betrokke personeellid of skoolhoof hanteer word, en nie op sosiale media nie.**

Indien u in nasorg belangstel, (slegs Maandae tot Donderdae), kan u die nodige vorms by die skoolkantoor afhaal en so gou as moontlik indien.

Nasorg is maandeliks vooruitbetaalbaar met 'n minimum bywoning/betaling van 1 kwartaal.
Nasorg kan slegs 1 maand vooruit gekanselleer word, en dus nie in middel van 'n maand nie.

| | | |
|---|---|---|
| **NASORG 2025** | R1 950 per kwartaal sonder etes | R780 per maand vir 10 maande |
| | R3 250 per kwartaal met etes | R1 300 per maand vir 10 maande |

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:
ENB Tjekrekeningnommer 62407489021 by Graaff-Reinet (takkode 210-216) met u kind se naam en van as verwysing.

Vriendelike groete.

***D. Joubert***
**Skoolhoof**

## NASORGREëLS

- MAG NIE IN OF BY SKOOL RONDLOOP NIE
- MAG NIE SKREE OF RAAS NIE
- TASSE EN SAKKE IN LOKAAL
- GEEN VLOEK / BAKLEI / TERG OF AFKNOUERY VAN MAATS NIE
- GEEN SPELETJIES IN GEBOU MET BALLE / RAKETTE / HOKKIESTOKKE
- WEES BAIE VERSIGTIG OP KLIMRAAM